

# Gesag in ons lewens

## Karl Holz

**Mattheus 21:23**

23 Jesus het na die tempel toe gegaan, en
terwyl Hy besig was om die mense te leer,
kom die priesterhoofde en die familiehoofde
van die volk na Hom toe en vra: “Met watter
gesag doen u hierdie dinge? En wie het u
hierdie gesag gegee?”

**Lukas 4:31-32;36**

31 Daarna het Hy na Kapernaum toe gegaan, 'n dorp in
Galilea, en die mense gereeld op die sabbatdag geleer.
32 Hulle was verbaas oor sy leer, want Hy het met gesag
gepraat.
36 Almal was baie verbaas, en hulle raak aan die praat
en vra vir mekaar: “Wat vir 'n woord is dit dat hy met
gesag en mag die onrein geeste gebied, en hulle gaan
uit?”

**Lukas 3:21-22**

21 NowToe al die mense hulle laat doop het, is Jesus
ook gedoop, en terwyl Hy staan en bid, het die hemel
oopgegaan 22 en het die Heilige Gees in sigbare gestalte
soos 'n duif op Hom neergedaal. Daar was ook 'n stem
uit die hemel: “Jy is my geliefde Seun. Oor Jou verheug
Ek My.”

## Johannes 5:26-27

26 Soos die Vader die lewe in Homself het, het Hy die
lewe ook aan die Seun gegee om dit in Homself te hê.
27 Hy het Hom ook volmag gegee om te oordeel, omdat
Hy die Seun van die mens is.

**Lukas 9:1-3**

1 Jesus het die twaalf bymekaargeroep en aan hulle
mag en gesag gegee om alle bose geeste uit te dryf en
siektes te genees. 2Toe het Hy hulle uitgestuur om die
koninkryk van God te verkondig en die siekes gesond te
maak. 3Hy het vir hulle gesê: “Moet niks vir die pad
saamvat nie, nie 'n kierie of 'n reissak of brood of geld
of nog 'n kledingstuk nie. .

**Lukas 10:19**

19 Kyk, Ek het aan julle die mag gegee om op slange en
skerpioene te trap en om die vyand met al sy geweld te
oorwin, sonder dat iets julle enige leed aandoen.

**Mattheus 28:18-20**

18 AndJesus kom toe nader en sê vir hulle: “Aan My is
alle mag gegee in die hemel en op die aarde. 19Gaan
dan na al die nasies toe en maak die mense my
dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die
Seun en die Heilige Gees, en 20leer hulle om alles te
onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by
julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”

**Filippense 2:7-11**

7 En toe Hy as mens verskyn het 8het Hy Homself
verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja,
die dood aan die kruis. 9Daarom het God Hom ook tot
die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo
elke naam is, 10sodat in die Naam van Jesus elkeen wat
in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die
knie sou buig, 11en elke tong sou erken: “Jesus Christus
is Here!” tot eer van God die Vader.